higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N410**(A)**(M31)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDING N4

(7080094)

31 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ONDERWYS
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Moreel normatiewe ontwikkeling verwys daarna om mooi dinge in die lewe te waardeer.

1.2 Wanneer jy dinge van jou eie idees maak, is jy kreatief.

1.3 Kognitief, verstandelik en intellektueel verwys na dieselfde aspek.

1.4 Selfbeeld is hoe ander mense jou sien.

1.5 Taal is nie een van die elf aspekte om die kind as totaliteit te benader nie.

1.6 Godsdiens kan geloof en aanbidding insluit.

1.7 Terwyl hulle die sosiale aspek ontwikkel, maak kinders beurte; deel hulle en werk in groepe.

1.8 Estetiese ontwikkeling verwys daarna om verskillende gevoelens te ervaar.

1.9 Koördinasie is die samewerking van sintuie en spiere.

1.10 Die helekindbenadering bestudeer die kind in sy/haar totaliteit.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies 'n item/woord/'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Uitdruk van gevoelens	A	goeie dagsorg
2.2	Deel daarvan om jou selfbeeld te vorm	B	fyn motories
2.3	Gebruik jou klein spiere om te beweeg	C	vertrouensverhouding
2.4	Ontwikkel alle aspekte in kinders	D	gesag
2.5	Belangrike element in 'n verhouding	E	Hoe slim is ek?
2.6	Die volwassene moet rigting aan 'n kind se lewe gee	F	emosionele ontwikkeling
		G	kennis en begrip
2.7	Die volwassene behoort te weet dat kinders individue is	H	gender
2.8	Manlik en vroulik	I	struikelblokke
2.9	Kinders wat op 'n klimraam klim	J	groot motoriese beweging
2.10	Beperkinge		

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Leer...

A is 'n proses waartydens inligting herwin word.
B is deel van jou genetiese kenmerke.
C lei tot 'n relatief permanente verandering in kennis.
D is moeilik.

3.2 Kognitiewe ontwikkeling verwys na …

A intellektuele en verstandelike ontwikkeling.
B die ontwikkeling van maniere om emosies te beheer.
C die begrip dat daar verskillende geslagte is.
D die vermoë om te weet wat reg en wat verkeerd is.

3.3 Geheue verwys daarna om … ⌘

A jou eie kognitiewe prosesse te ken.
B insig in ‘n probleem te hê.
C gemotiveerd te wees.
D inligting te berg en te herwin

3.4 Intrinsieke motivering …

A beteken dat ander mense jou motiveer.
B kom van faktore binne die persoon.
C is minder belangrik as ekstrinsieke motivering.
D maak staat op ‘n beloning.

3.5 Die term sensories-motories verwys daarna om …

A kreatief te wees.
B jou vyf sintuie te gebruik.
C deur beweging te leer
D deur sintuie en beweging te leer.

3.6 Tekens van begaafdheid … ⌘

A Moeite om inligting te memoriseer.
B Ondergemiddelde intellektuele vaardighede.
C Vermoë om vinnig en doeltreffend te leer.
D Swak mensvaardighede.

3.7 Die mees betroubare metode om begaafdheid te identifiseer:

A Bekom inligting deur gestandaardiseerde toets
B Laat hulle teken
C Toets hulle lees en spelling
D Neem die kind in die klaskamer waar

3.8 ‘n Leerwerktuig wat prente en kleur gebruik:

A Opsomming
B Begripstoets
C Glimpenne
⌘ D Geheuekaart

3.9 Volgens Bandura vind die leerproses plaas deur:

A Kognitiewe prosesse
B Kondisionering
C Waarneming
D Geheue

Kopiereg voorbehou

3.10 Die term versterking van kondisionering verwys daarna:

A om sterk te wees
B die proses waarvolgens gedrag gevorm word om die verlangde respons te kry
C die respons wat sal afneem
D sekere gedrag wat aangemoedig word

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Intellektuele gestremdheid verhinder die kind se normale vordering op skool.

Verduidelik hoe die volgende intellektuele gestremdheid in kinders kan veroorsaak:

4.1.1 Genetiese toestande

4.1.2 Probleme tydens kindergeboorte

4.1.3 Probleme tydens swangerskap

(3 × 2) (6)

4.2 Volgens Pavlov is daar verskillende prosesse wat met kondisionering verband hou.

Verduidelik die volgende terminologie:

4.2.1 Uitwissing

4.2.2 Spontane herstel

4.2.3 Veralgemening

4.2.4 Diskriminasie

(4 × 2) (8)

4.3 Watter spesialiste/terapeute spesialiseer in die behandeling van die volgende probleme?

4.3.1 Spesifieke probleme in kinders

4.3.2 Jy het iemand nodig om jou oë te toets

4.3.3 Spesialis wat met emosionele probleme help

4.3.4 Kan help wanneer jy ‘n sportbesering opdoen

4.3.5 Help wanneer families sosio-ekonomiese probleme ervaar

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

4.4 Gee TWEE kenmerke van die volgende soorte geheue:

4.4.1 Sensoriese geheue

4.4.2 Korttermyngeheue ⌘

4.4.3 Langtermyngeheue

(3 × 2) (6)

4.5 In opvoeding word ‘n volwassene gewoonlik in ‘n verhouding tot ‘n kind geplaas. Hierdie verhouding hang daarvan af of sekere elemente teenwoordig is, naamlik kennis, gesag en vertroue.

Identifiseer hierdie elemente in die volgende stellings.

4.5.1 Die volwassene word in die verhouding geplaas om reëls te maak wat tot voordeel van die kind is.

4.5.2 Die kind sal die volwassene vertrou om hom/haar onvoorwaardelik lief te hê. ⌘

4.5.3 Die volwassene moet verstaan dat die kind nie ‘n jong volwassene is nie.

(3 × 2) (6)

4.6 Sophia stel kreatiewe aktiwiteite op vir haar klas. Sy verduidelik aan die kinders wat van hulle verwag word sodat hulle sal verstaan wat hulle moet doen. Daar is nie genoeg toerusting vir elke kind beskikbaar nie, dus sal hulle moet deel en beurte maak. Sy stel reëls op sodat die kinders weet wat hulle mag en nie mag doen nie. Die kinders geniet die aktiwiteite. Hulle gebruik hulle klein spiere om te sny en te plak. Ná die tyd vertoon sy die kunswerk sodat die kinders hulle eie werk en dié van ander kan bewonder. ⌘

Identifiseer SES aspekte van die helekindbenadering wat deur hierdie aktiwiteite ontwikkel word. Motiveer jou antwoorde. (6 × 2) (12)

4.7 Verduidelik die konsep *helekindbenadering* in jou eie woorde. (2)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Leerprobleme bemoeilik die normale leerproses.

Verduidelik hoe die volgende aspekte ‘n kind se leer kan beïnvloed.

5.1.1 Fyn motoriese vaardighede

5.1.2 Hiperaktiwiteit ⌘

5.1.3 Afasie

5.1.4 Sosiale en emosionele probleme

(4 × 2) (8)

5.2 Sommige kinders in jou klas kan meer aktief as normaal wees. Wat is die tekens van ‘n hiperaktiewe kind?

Noem SES moontlike tekens van hiperaktiwiteit. (6)

5.3 Verduidelik hoe die volgende die intellektueel gestremde kind kan help.

5.3.1 Die opvoeder moet alles wat sy kan oor intellektuele gestremdhede leer. ⌘

5.3.2 Sy moet die kind se onafhanklikheid aanmoedig.

5.3.3 Laat die kind toe om aan groepaktiwiteite deel te neem.

5.4.4 Sy moet in voeling met die ouers bly.

5.4.5 Verdeel die werk in kleiner eenhede.

(5 × 2) (10)

5.4 Motivering is ‘n belangrike faktor in die leerproses.

Bepaal of die volgende 'intrinsieke' of 'ekstrinsieke' motivering is:

5.4.1 Die kind speel goed want hy wil sy pa beïndruk.

5.4.2 Ek is gemotiveerd om my Educare-studie te voltooi want dit is wat ek wil doen.

5.4.3 Ek kom kollege toe ten spyte van die reën omdat ek ‘n verantwoordelike student is. ⌘

5.4.4 Die studente is stil in die klas omdat hulle bang is vir die dosent.

5.4.5 Ek neem deel aan aktiwiteite omdat ek nie die aksie wil misloop nie.

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

5.5 Noem en verduidelik TWEE praktiese voorbeelde van aktiwiteite wat jy die kinders sal laat doen om die volgende aspekte te ontwikkel:

5.5.1 Estetiese aspek

5.5.2 Selfbeeld

5.5.3 Geslag

5.5.4 Sosiaal

5.5.5 Oog-hand-koördinasie

(5 × 2) (10)

5.6 Ten einde positiewe emosionele ontwikkeling te bevorder moet drie aspekte in plek wees.

Bespreek hoe die volgende sal help om om positiewe emosionele ontwikkeling te bevorder.

5.6.1 Ervaar ‘n gevoel van sekuriteit.

5.6.2 Leer om gevoelens uit te druk.

5.6.3 Ontwikkel ‘n goeie selfbeeld.

(3 × 2) (6)
[50]

VRAAG 6

6.1 Leerders met ‘n IK van meer as 130 en spesifieke talente word as begaafd beskou.

6.1.1 Gee VIER wenke aan opvoeders om die begaafde kind in die klaskamer te hanteer. (4 × 2) (8)

6.1.2 Noem VIER moontlike tekens van begaafdheid. (4)

6.1.3 Gee VIER wenke aan ouers oor hoe om hulle begaafde kind tuis te help. (4)

6.2 Verduidelik die volgende terminologie:

6.2.1 Verstandelike ouderdom

6.2.2 Chronologiese ouderdom

(2 × 2) (4)

6.3 Verduidelik hoe die volgende kan lei tot opvoedkundige deprivasie:

6.3.1 Gebrek aan opvoedkundige speelgoed in die huishouding

6.3.2 Om dikwels te verhuis

6.3.3 Misdaad is ‘n normale manier van leef

6.3.4 Ouers het lang werksure

6.3.5 Swak gehalte taalvoorbeelde

(5 × 2) (10)

6.4 Noem VYF tekens en simptome van intellektuele gestremdheid. (5 × 2) (10)

6.5 Identifiseer die aspek van die helekindbenadering in die volgende stellings.

6.5.1 Die kinders ry buite op hulle klein motorfietsies.

6.5.2 Die onderwyser leer die kinders ‘n nuwe liedjie.

6 5 3 Die skoolreëls word op die kennisgewingbord geplaas.

6.5.4 Danny het ‘n nuwe manier gekry om ‘n sandkasteel te bou.

6.5.5 Annie werk aan ‘n poprok met ‘n naald.

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou